BUNDEL D: DIE INNAME VAN DIE LAND (JOSUA)

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe 2
Josua oorsig 3
God gee die oorwinning (Josua 1-8) 4
Josua se opdrag 4
Ragab is gered 5
Die pad is oopgekloof 6
Jerigo 7
Ai en Akor 8
Beloftes word vervul (Josua 9-24) 10
Die waterdraers 10
Die son gaan staan as God verslaan 11
Almal kry hul deel van God se beloftes 13
Kaleb se reuse geloof 14
Josua se laaste toespraak 15

Josua oorsig

Josua is deur God geroep.
“Inname” sy nuwe beroep.
Verseker: “Jy hoef niks te vrees,
want Ek sal by jou wees.”

Met geloof is die weg gebaan,
ja, droogvoets deur die Jordaan.
Die volke het begin bewe –
dis ‘n God wat regtig lewe!

Meng met heidenvolke verbode -
hulle dien te veel ander gode.
God is die enigste ware een.
Vertroue net op Hom alleen.

Sewe keer om Jerigo se muur
en hy val self op God se uur.
Ragab is gered deur haar geloof.
Van toe af kon Sy God ook loof.

By Ai het hul die geveg verloor!
God se waarskuwing is nie gehoor.
Die bloedige geveg se wonde,
is as gevolg van hulle sonde

Oorwinning kom nie uit eie krag -
alles is net deur God se mag!
So het God die weg gebaan
dat hulle al die volke verslaan.

Josua se einde is ‘n afskeidspreek,
wat hul herinner wat maak en breek.
God het alles gedoen wat Hy beloof
die volk moet Hom nou dien en loof.

Jy kan ook in jou lewe vertrou,
want God sal Sy beloftes hou.
Soos Ragab red Hy dié wat glo
Ja, geloof in die eindpunt daarbo.

Die oorwinning is in Sy hand -
jy is deel van die beloofde land!
Jesus het reeds die Satan verslaan,
Ja, Hy het vir ons die weg gebaan.

God gee die oorwinning (Josua 1-8).

Josua se opdrag

Maak gereed en trek deur die Jordaan
Los agter die woestyn se sand
en trek in die beloofde land.
Ek is by jou, oral waar jy gaan. (Jos 1:2-5)

Maar waarop jy spesefiek moet let,
is die uitvoering van die wet.
Dit moet die rigsnoer wees van wat jy sê,
oordink dit in die dag en as jy gaan lê.
As jy hierdie opdrag verstaan,
sal dit goed met jou gaan. (Jos 1:7-8)

Jy is ook op die randjie van die beloofde land
Staan jy elke dag met jou Bybel in die hand?

Ragab is gered

Gaan verken die land –
God gee dit in ons hand.
Die pad wat God toe wys
eindig in Ragab se huis. (Jos 2:1-2)

Die koning het beveel: “Lewer die manne uit!
Ragab: “Hulle is weg net voor die poorte sluit.”
Oor hulle het sy vlas stopsels oopgesprei
sodat die soldate hulle nie kon kry. (Jos 2:3-6)

Ons weet die Here gee vir julle die land.
Ons bewe van skrik vir die krag van Sy hand.
Julle God is die God van die hemel
en van alles wat op aarde wemel ! (Jos 2:8-11)

Omdat ek julle so goed behandel het,
vra ek dat julle my van die dood sal red.
As ons kom, laat hang hierdie tou,
dan sal ons hierdie belofte onthou. (Jos 2:12-20)

Ragab, die prostituut het geglo
en ontvang só verlossing van bo. (Heb 11:31).
Sy het egter dit ook verstaan:
Geloof moet na dade toe gaan. (Jak 2:25).

Wat jy ook nog moet verstaan,
is dat Sy in Christus se geslagsregister staan! (Mat 1:1-5)
As God dit alles doen vir ‘n prostituut,
hoekom sal Hy jou nie ook genade bied?

Die pad is oopgekloof

Veertig jaar terug
het die Israeliete uit Egipte gevlug.
God het die Rietsee oopgekloof
en die volk het Sy almag geloof. (Eks 14:21-22)

Veertig jaar later
staan hulle voor die Jordaan se water…
Die rivier het op een hoop gaan staan
en die volk het God se almag verstaan. (Jos 3:7,13)

Stapel twaalf klippe opmekaar
sodat julle vir julle kinders kan verklaar:
God het ons deur die Jordaan laat gaan
sodat al die volke Sy almag kan verstaan. (Jos 4:20-24)

Die volk het die verbondsteken gekry
en al die manne is besny.
“Vandag het Ek julle smaad uitgewus
wat van Egipte se tyd af op julle rus.” (Jos 5:5-7).

Die volk het daar Paasfees gevier
en presies op daardie uur,
toe hulle kos in die land kon kry,
het die manna weggebly. (Jos 5:11-12)

Lyk die rivier se water voor jou te hoog?
God maak dit vir jou deurgaan droog.
Aan die ander kant
is die beloofde land!

Jou sonde is weggewas
toe jy by die doopfont was.
Christus het die weg oopgekloof:
Jy moet nou God se almag loof! (I Kor 10:1-4)

Die smaad wat op jou rus,
het Hy op die kruis uitgewis.
Die brood en wyn
herinner jou aan Sy pyn. (I Kor 10:16-17)

Die klippe wat jy so swaar dra
is sodat die mense jou moet vra.
Deur jóú moet hulle God se almag verstaan
sodat hulle ook deur die rivier kan gaan… (I Kor 10:33)

Jerigo

Rondom Jerigo was hoë mure gebou.
Dit het al hulle vyande uitgehou. (Jos 6:1)

Julle moet priesters met ramshorings vat,
loop dan vir ses dae een keer om die stad.
Op dag sewe moet julle sewe keer daarom haas,
die priesters moet dan op die ramshorings blaas.
Ek laat die mure inval as Ek dit hoor,
gaan reguit vorentoe en klim daaroor. (Jos 6:1-5)

Die volk het gedoen wat God sê
en so het die mure in puin gelê.

Ai en Akor

Die Israeliete was aan God se opdrag ontrou
Akan, seun van Serag, uit die Judastam,
het die Here se gewyde goed vir hom gehou.
Die toorn van die Here het teen Israel ontvlam. (Jos 7:1)

Josua stuur toe manne om Ai te verken
Net so drieduisend manne hoef te gaan:
Ai het min mense - ons kan maklik wen!
Hulle het opgetrek maar moes op die vlug slaan… (Jos 7:3-4)

Die vlugtende volk se moed is gebreek.
Here ek lê in die grond met my gesig:
Ons moes nooit die Jordaan oortseek -
ons moes nou vir ons vyande vlug! (Jos 7:5-8)

Hoekom lê jy met jou gesig in die grond?
My gewyde goed het julle weggesteek.
Julle slaan nie ag op My verbond
daarom moet Ek my op julle wreek. (Jos 7:10-11)

Kom by My verby in stamverband,
dan wys ek self die skuldige aan.
Hom en sy familie moet julle verbrand:
Hulle het ‘n roekelose sonde begaan. (Jos 7:14-15)

Akan, bely jou sonde voor die Heer.
Ek het die buit in my tent begraaf,
ek het die goed gesien en begeer:
Mooi klere, silwer en ‘n goue staaf. (Jos 7:19-21)

Wat jy gedoen het was ‘n vreeslike ding
Jou straf: Jy word met klippe dood gegooi,
want jy het die dood oor óns gebring!
Ook jou familie en diere – tot die laaste ooi! (Jos 7:23-25)

Akorlaagte – die klippe is nou nog daar… (Jos 7:26)
Begin nou weer die aanval van voor,
want my heilige toorn het nou bedaar.
Hierdie keer gee Ek Ai in jou hand oor! (Jos 8:1)

Is jy ook aan God se opdrag ontrou,
liewe gelowige, uit die Judastam?
God se gawes het jy net vir jou gehou?
Die toorn van die Here sal ontvlam…

Maar vir dié, uit My volk, wat vra na My wil,
sal Akor ‘n lêplek vir beeste raak (Jes 65:9-10).
Op Golgate het Ek die profesie vervul
en Akor 'n poort na 'n nuwe toekoms gemaak. (Hos 2:13-14).

Beloftes word vervul (Josua 9-24).

Die waterdraers

Ek sal die inwoners van die land in jou mag gee,
maar daar kom ‘n waarskuwing daarmee:
Moenie ‘n verdrag met hulle sluit.
Nee, wis hulle heeltemal uit! (Eks 23:31-33, Eks 34:12, Deut 7:1-2)

Die Gibeoniete het bang geraak
en toe ‘n slim plan gemaak.
Hulle het verslete saalsakke gevat
en kos ingepak vir die pad.
Hulle het hulle só vermom
dat dit nie lyk of hul van naby kom. (Jos 9:1-6)

Die Israeliete het die klere oorweeg
in plaas van om God te raadpleeg.
Hulle het toe ‘n verdrag gesluit.
Drie dae later kom die waarheid uit. (Jos 9:15-16).

Die eed het hul lewens gespaar
maar word toe houtkapper en waterdraer. (Jos 9:20-21).

O God, ek dra ook swaar,
want ook ek is ‘n waterdraer.
Ek het nie gevra na U wil
en ek het ook ander verkul…

My Vader, as U die lydensbeker nie kan spaar
sal Ek dit drink – laat U wil geskied ook daar… (Mat 26:42).
So het U ook die las kom dra
van die wat U vergifnis vra.

Die son gaan staan as God verslaan

Saam ontplooi vyf Amoritiese konings
teen die Gibeonitiese wonings. (Jos 10:1-5)

Josua trek op om saam met sy bondgenoot te veg.
Dis deel van God se plan, Hy sien dit as reg:
Moenie vrees nie, Ek gee hulle in jou hand,
nie een van hulle is teen jou bestand. (Jos 10:6-8).

Die Here het paniek onder die volk gesaai
en Israel het hulle agtervolg en afgemaai.
Die Here het haelstene op hulle laat val
en daardeur sterf duisende in getal. (Jos 10:10-11).

Op daardie dag het God die son sil laat staan,
sodat Israel al vyf stede kon verslaan.
Die son het in die hemel bly sloer,
want die Here het vir Israel oorlog gevoer. (Jos 10:12-14).

Al die volke het mekaar aangepor
Koning Jabin van Hasor,
ook van Madon en Aksaf,
die van noordelike Bergland af,
dié in die Jordaanvallei
en in Gennesaret versprei,
die Laeveld se beste
en van Dor in die weste,
die Kanaäniete,
die Amoriete,
die Hetiete,
die Feresiete,
die Jebusiete
en die Hewiete.

Hulle het almal gekom met hulle leër,
'n groot menigte om Josua te keer.
so baie soos die sand van die see,
met perde en strydwaens daarmee. (Jos 10:1-4)

Die Here het vir Josua gesê: Luister na My.
Moenie bang wees nie – Ek sal jou bevry,
hulle sal sneuwel. Met My aan jou kant
jy moet die strydwaens verbrand. (Jos 10:6)

Ook aan die oorkant die Jordaan,
het Josua die vyand verslaan:

Een en dertig konings in getal
het voor sy aanslag geval (Jos 11:1,24).

Die Here het destyds opdragte met Moses gedeel
en Josua het presies gedoen soos toe beveel. (Jos 10:15)
Hy was deurentyd van God se opdragte bewus
en na die inname kon die land toe rus (Jos 10:23).

Ook jý kan vandag hierin lees
dat jou land die paradys sal wees. (Luk 23:43).

God het wéér saam geveg
in die stryd tussen goed en sleg:
In die middel van die dag
was daar drie ure nag.

Die voorhangsel het geskeur
en dit word vir jou die deur.
Vader, in U hande gee Ek my gees
sodat My kinders by U kan wees. (Luk 23:44-46).

Almal kry hul deel van God se beloftes

Die beloofde land is verdeel:
Elke stam kry ‘n deel. (Jos 18:10).

Die hele land is in rus gehul -
God het al Sy beloftes vervul. (Jos 21:45).

Ook in jou stryd, wees nie bang
ons het almal genade op genade ontvang. (Joh 1:16)

Die vervulling van Sy belofte is ons geskenk:
Ons is almal van die Gees deurdrenk. (I Kor 12:13)

Ons is almal van ons sonde bevry (Heb 2:17).
en ons sal ons deel van die land ook kry.

Kaleb se reuse geloof

Die land loop oor van heuning en hier is van sy vrug,
maar ongelukkig moet ons ook oor die reuse berig:
Ons het die afstammelinge van die Enakiete daar gesien!
Soos nietige sprinkane sal ons die dood daar verdien… (Num 13:30-33).

Kaleb het die tien stilgemaak:
Ons is opgewasse vir die taak!" (Num 13:30).

Die volk het hom nie geglo
en ontvang toe hul straf van bo:
Die volk moes hierdie ontrou
vir veertig jaar in die woestyn berou! (Num 14:16,21-23).

Kaleb was aan My getrou:
sy nageslag sal die land behou. (Num 14:24).

Dit was vyf en veertig jaar gelede:
Ek is nog net so sterk soos in die verlede.
Ek sal teen die Enakiete gaan veg,
op hulle deel het ek die reg. (Jos 14:10-12).

Kaleb het in geloof staande gebly
en daarom sy beloofde deel gekry. (Jos 14:13-14).

Dink maar ook in jou lewe terug:
Jy hoef nie vir die reuse te vlug.
In geloof moet jy aan Hom vashou,
want God bly aan sy beloftes getrou.

Josua se laaste toespraak

Josua se laaste taak
was hierdie toespraak:

Julle het telkens gesien,
God gee wat julle nie verdien.
Die getroue God moet julle loof:
Hy gee die land soos Hy beloof. (Jos 23:1-5)

Julle moet sterk staan in die uitvoering van die wet.
Moenie links of regs afwyk van dié riglyn wat jul het
anders gaan die versoekings julle insuig
en gaan julle voor die nasies se gode buig. (Jos 23:7-8)

Geen nasie kon voor die Here standhou,
bly daarom aan julle God getrou.
As draers van God se hoop,
jaag een van julle duisend op loop. (Jos 23:8-10)

Maar gaan julle met die nasies se sonde mee,
sal julle verdwyn uit die land wat Hy julle gee.
Hulle sal julle met strikke en wippe vang,
vir dorings in jul oë en swepe op die rug dan bang! (Jos 23:12-13)

My tyd op aarde is nou verby
maar nie een van God se beloftes het onvervul gebly! (Jos 23:14)

Josua het nog verder gepraat
en dié woorde van God in hul midde gelaat:

Ek het Abraham anderkant die Eufraat gaan haal
en vir hom die land gegee sonder dat hy betaal.
Isak, Jakob en Esau is gebore,
vir 'n tyd was Egipte vir hul beskore. (Jos 24:1-4)

Deur rampe het Moses tot Farao deurgedring
en het Ek julle so uit Egipte gebring.
By die Rietsee was julle met vrees vervul,
maar ek het die aanvallers in donkerte gehul.
Julle het daar met julle eie oë gesien
Ek is die enigste God wat julle moet dien. (Jos 24:6-7)

Daarna het julle lank in die woestyn gebly
en het Ek julle die Amoriete se land laat kry.
Toe Balak hom op julle wou wreek,
kon Bileam nie vloek, maar net seën uitspreek. (Jos 23:8-10)

Julle was droogvoets deur die Jordaan
en Jerigo se mure kon nie bly staan.

Vir die Amoriete, Feresiete,
Kanaäniete en Hetiete,
Girgasiete, Hewiete en Jebusiete
was teenstand net 'n miete. (Jos 23:11)

Sonder om te werk, gee Ek julle 'n land.
Julle eet van wingerde sonder om te plant.
Julle kry stede sonder om te bou,
betoon dan eerbied en dien My getrou. (Jos 23:12-14)

Kies nou: Dien God of die gode wat julle sien.
Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.
Die volk het plegtig beloof
om God as enigste te dien en loof. (Jos 23:15-22)

Hierdie klip sal getuie van die belofte wees
dat ons God as heilige sal dien en vrees.
Daarna het Josua gesterf
en is begrawe in sy eie erf. (Jos 23:23-28)

As jy oor jou lewe terug sou kyk,
hoe sal die hand van God daarin lyk?
Jy sal ook moet erken
sonder Hom sou jy niks kon wen.

As jy Sy magtige dade sien,
gaan jy en jou familie Hom dien?